SAKE 24 (Burger Kaap), Saterdag
Saturday, 20 November 2010, p. 19

Belê in tegnologie

Die eienaars van kommersiëlevoertuig- en vragmotorvlote moet hulle langtermynbehoeftes verstaan en seker maak dat hul verskaffer die behoeftes verstaan wanneer hulle in 'n vlootbestuur- en opsporingstelsel belê.

Só sê mnr. Brendan Horan, bestuurder van verkope en bemarking van MiX Telematics.

"Te veel vlooteienaars koop stelsels net omdat hulle dink hulle behoort 'n opsporingstelsel te hê. Die gevolg van 'n besluit wat op dié grondslag geneem word, is dat die koper spyt is oor sy aankoop en nie tevrede is met die diens wat hy van sy verskaffer kry nie," sê Horan.

Om die omgewing te verstaan en om vennote te word in die strewe na doeltreffendheid, sekuriteit, gesondheid en veiligheid van bestuurders én die vloot behoort die belangrikste doelwit van enige vlootbestuurder en -verskaffer te wees.

Horan sê dit is belangrik om te belê in 'n maatskappy wat beheer oor sy tegnologie het.

"Dit is ons ondervinding dat daar te veel maatskappye is wat tegnologie koop en dan geen beheer daaroor het nie.

"Om gebruik te maak van 'n verskaffer wat 'n leier op die gebied van tegnologiese ontwikkeling is, sal aansienlike voordeel vir die vlooteienaar inhou.

"Die vlooteienaar kan ook seker wees dat die diensverskaffer sal kan volhou om die dienskontrak te ondersteun."

'n Soliede diensnetwerk, nie net waar die vloot gesetel is nie, maar ook oral waar hy werk, is noodsaaklik.

Die voordele wat 'n vlooteienaar uit sy bestuurstelsel behoort te kry, sluit in doeltreffendheid, kostebesparing, beter gebruik van voertuie en personeel, veiligheid en sekuriteit.

Daar is ook voortdurend druk op maatskappye om hul koolstofvrystelling te verminder.

Volgens Horan kan vlootbestuurtegnologie maatskappye hiermee help.

"Die regte tegnologie kan maatskappye help om hul koolstof-vrystelling akkuraat te meet en verslae daaroor te kry.

" 'n Voordeel van minder koolstof is beter petrolverbruik. Dit beteken dat maatskappye omgewingsvriendelik kan wees en ook hul bedryfskoste kan verminder," sê hy.

Streng regulasies oor CO_2-vrystellings sal binnekort in Suid-Afrika aanvaar word en met MiX Telematics se vlootbestuur-produkte kan vlooteienaars gerus wees dat die funksionaliteit reeds beskikbaar, getoets en bewese is.